

Dinsdag 24 September

Skrifgedeelte: Romeine 13:8-14

Fokusgedeelte: Romeine 13:8-14

Liefde verdryf alle vrees

Die Bybel leer ons dat liefde alle vrees verdryf. Dink mooi daaroor – dit is werklik so! Paulus stel dit duidelik dat liefde die volle uitvoering van die wet is. As ek dus God en my naaste liefhet, hoef ek nie die straf en oordeel van God te vrees nie.

Dit is ook waar met ons medemens. As ek my medemens liefhet en hom/haar nie kwaad aandoen nie, hoef ek nie te vrees vir wraak of opstand nie.

Waarom is dit dan so belangrik dat die Bybel ons oor en oor vertel dat ons God en ons naaste moet liefhê, selfs ons vyand? Paulus het geweet ons gaan hom die vraag vra. Daarom sê hy: Die einde is naby, nader as ooit! Hy sê die nag is amper verby, dit is amper dag. Die tyd het gekom dat ons gereed moet wees.

Vir Paulus is die gereedmaak vir die einde in die liefde gegrond. Waar daar liefde is, is daar nie vrees nie. Om die sonde te vermy, beteken dus om God en my naaste lief te hê. Om volgelingen van Jesus te wees, kom met bepaalde eienskappe wat ons Here weerspieël het. Paulus sê ons moet nie in die nag van hierdie lewe leef nie. Ons moet die lig soek en daarnatoe beweeg.

Om die naderende oordeelsdag met opgewondenheid te verwag, moet die liefde in ons lewens die deurslag gee. Dit is net daardie ekstra sekerheid wat ons kry dat ons waarlik aan Jesus Christus ons getroue Verlosser behoort.

Sing: Psalm 18-1:1, 2, 3

Dr. GJ Niemann (Gerhard) (Cullinan)